


50 Jaar (1972 – 2022)

"Genade onbeskryflik groot"

FOKUS

06 NOVEMBER 2022



PREDIKER: Dr. Enrico Casaleggio

SKRIFLESING EN TEKS: 2 KORINTIËRS 6:14-18, 2 TIMOTEUS 4:1-6

TEMA: MOENIE DEEL WORD VAN DIE WÊRELD NIE. GAAN VERANDER DIT!

1. DIE WÊRELD IS NIE JOU VRIEND NIE

Levitikus 18:3; Handeling 2:40; 2 Timoteus 3:5; 2 Korintiërs 7:1

2. DAAR IS NIKS WAT LIG EN DUISTERNIS MET MEKAAR IN GEMEEN HET NIE

2 Korintiërs 6:14-16

3. GAAN BEOEFEN JOU BEDIENING

2 Korintiërs 6:16

BELYDENISKLAS: Die volgende dooplidmate lê vandag hul openbare belydenis van geloof af. Lize Ackerman, Carlise Botha, Karen de Lange, Devon du Plessis, Armand Mew, Victor Mew, Li-Vern Pieters, Keline Schnetler, Johandré van Lill, Francois van Straten, Ettiene van Vuuren.

Ons verwelkom hulle, hulle ouers en ander familie, in die besonder hier vanoggend en bid dat dit altyd vir hulle 'n geseënde dag sal wees om op terug te kyk.

Dit is by uitstek ook 'n gemeentelike aangeleentheid. Na die erediens gaan ons daarom in die saal, as gemeente, 'n lekker koppie koffie/tee saam met hulle geniet. Dit gaan 'n heerlike kuier geleentheid wees waar ons ook nuwe lidmate kan ontmoet en welkom laat voel.

NUWE LIDMATE: Ons wil graag in die toekoms ook op hierdie wyse aan nuwe lidmate baie welkom sê: Lourens en Anel Jordaan en hul gesin asook Chané Borchers en gesin. Ons vertrou dat julle reeds welkom voel hier by ons.

BYBELSKOOL: Ons gaan Woensdag om 18:00 verder met die Bybelskool. Ons kyk onder leiding van Prof. Johan na die Apostoliese Geloofsbelydenis. Dit is so belangrik om seker te maak wat die inhoud is van dit wat ons elke Sondag bely. Ons wil dit sterk aanbeveel dat julle die geleentheid sal aangryp en dit sal bywoon.

VROUEBYBELSTUDIE: Hierdie week gaan ons voort met die Vrouebybelstudie. Ons begin met 'n kort reeks oor karakters in die Bybel. Dié week se baie interessante studie, handel oor Ragel. **By die aftree-oord** sal daar om 9:00 Bybelstudie wees. Dieselfde reeks word by die aftree-oord gevolg.

Een van die Bybelstudiegroepe vir dames wil graag mense help wat nie 'n geleentheid het om Sondae by die kerk te kom nie. Hulle is bereid om sulke persone by die huis te gaan haal en na die erediens weer te gaan aflaai. Belangstellendes kan **deur die week die kerkkantoor kontak** dan sal u naam deurgegee word aan dié dames.

VOORBIDDING

- Ons bid vir Rina van Straten se gesondheid. Sy ontvang steeds gespesialiseerde mediese behandeling. Ons bid dat sy spoedig heeltemal sal genees.
- Tannie Hester Brink se kleinseun, Keagen (15), het 'n gewas op sy brein. Die behandeling daarvan is baie ingewikkeld en hy mag dalk na die buiteland moet gaan daarvoor. Ons bid vir wysheid vir die dokters vir die regte behandeling, sodat hy heeltemal sal genees.
- Ons kategeseskool en die katkisanter (kinders) en ons ouers.
- Die implementering van die nuwe ODOS-leerplan met ingang van 2023

- Die kategete (aanbieders) - dat hulle entoesiasies en toegerus sal wees vir hulle taak
- 'n Kategeet vir die Graad 7's.
- HJ en Dalene Cronjé, van Noenieput. Ons bid dat die Here krag en wysheid sal gee, vir al hul uitdagings met hul bediening.
- **Kuba** word sedert 1959 deur die Kommunistiese Party regeer, wat daarna streef om die Kerk volgens sy ideologie te beheer. Die regering tree hardhandig op teen opposisie en betogers. Wanneer kerkleiers of Christelike aktiviste die regime kritiseer, ervaar hulle arrestasie, die sluiting van hul kerke of ondernemings, tronkstraf, en teistering deur die regering en sy ondersteuners.

VERJAARSDAE

06/11/2022: Emsie du Toit

07/11/2022: Melissa Billson

08/11/2022: Chris van Rooyen, Christie van Wyk

09/11/2022: Marike Breedts, Toekie van Vuuren, Dawie Vosloo,
Gertrude Wiese

10/11/2022: Linda Landman, Sean Pretorius, Mike Smith

11/11/2022: Carel Aspelings, Maryke Beer, Marietjie Bothma,
Babsie le Roux

Q-WIETKOSKAS:(asook die Wit Olifant tafel) Dit is baie aangenaam om aan te kondig dat die verkope 'n wins van R9 145.36 opgelewer het.

BRUNCH SAAM MET SONJA HERHOLDT: Ondersteun asseblief vir Carel du Toit Spesiale Skool met 'n fondsinsameling. Die bekende sangeres, Sonja Herholdt, kom deel haar verhaal as 'n ouer wat 'n kind met spesiale behoeftes het. Kom ervaar die boodskap van hoop deur haar eie ervaring en die lewe van haar kind. Dit vind plaas op Saterdag 3 Desember in ons kerksaal om 9:30. Die koste vir hierdie unieke geleentheid is R 240 per persoon en sluit 'n *brunch* in, sowel as vermaak deur Sonja Herholdt en die kinders van Carel du Toit Spesiale Skool. Vir kaartjies kan jy die skool kontak by 0728494104 of vir Toekie by 0798907990.

VERITAS: MODULE 1 FASILITERINGSOPLEIDING IN ONS GEMEENTE: Van 5 – 8 Desember 2022 (09:00 – 16:00) word die Fasiliteringsmodule 1 van Veritas in ons gemeente aangebied. Die

Fasilitering is daarop afgestem om gelowiges toe te rus om as Fasiliteerder te funksioneer vir 'n groep gelowiges. Hierdie groep, na wie as deelnemers verwys word, bestaan uit sowat 5- 8 persone. Hier is 'n geleentheid vir geestelike bemagting om 'n verskil in ander se lewens te maak! Kontak Herman by 083 925 4133 vir meer inligting of navrae.

SPEZIALE DANKBAARHEIDSOFFER INSAMELING: 2022

Ons gemeente se jaarlikse Spesiale Dankbaarheidsoffer-insameling vind huidiglik plaas vir die tydperk 1 Oktober tot einde Februarie. Soos in die verlede kan u u bydraes in die kollekesakkie gooi wat in 'n Spesiale Dankoffer koevert geplaas is. Vir hierdie doel is daar koeverte in die voorportaal in die houtrak. As u verkies kan u u Spesiale Dankbaarheidsoffer elektronies direk in ons gemeente se bankrekening inbetaal. Ons vra dat u dan net sal meld dat dit 'n Spesiale Dankbaarheidsoffer is, asook u naam. Ons gemeente se bankrekeningbesonderhede is : ABSA tjekrekening nr. 490580395 (takkode::335334)

Ons gee graag die saldo weekliks deur. Ons staan tans op R53 600.00 en daar is begroot vir R200 000.00 vir hierdie finansiële jaar.

IN DIE KERKGEBOU SE VOORPORTAAL

Daar sal vanoggend na die erediens, 'n persoon in die voorportaal wees om lidmate te help met die kerk se nuwe "Tap and Go" kaartmasjien van Yoco. Bedrae kan tussen R20 en R500 wees, hoewel meer as een transaksie per persoon gedoen kan word. Die bewys van betaling gaan direk op u eie selfoon deur. Hierdie betalings gaan slegs vir erediens-kollekte aangewend word. Persone kan steeds die kollekesakkies gebruik, sou hulle dit verkies.

ODOS

Ons begin DV 2023 met 'n nuwe leerplan in ons kategeseskool, onder die naam ODOS.

Vir die volgende paar Sondae, sal ons elke keer 'n bepaalde aspek van ODOS voorhou sodat almal kan verstaan wat die leerplan gaan behels. As daar enige vrae of onsekerheid sou wees, is u welkom om met Dirk Taljaard, dr Enrico Casaleggio, Elzanne Lombard of Jaqueline Pretorius te skakel.

Verlede week het ons gekyk na die breë beginsels van ODOS.

Vandag se fokus val op Grade 1 tot 3 van ODOS :

- **ODOS Graad 1 : “Bekendste Bybelfigure van die Ou Testament**

- Handel oor die bekendste Bybelfigure in die ou Testament. Dit bestaan uit 'n groepleierhandleiding. Saam met hierdie leierhandleiding is daar ook 'n Odos saam-doen boekie vir die maats. Dit sluit in versamelkaarte, 'n kronologiese padkaart deur die Ou Testament en inkleurprente. Die kind se boek het elke verhaal ingesluit, sodat die ouer weer die verhale vir hom kan lees.

- **ODOS Graad 2 : Jesus se lewe op aarde**

- Handel oor die lewe van Jesus op aarde. Dit bestaan uit 'n groepleierhandleiding, Saam met hierdie leierhandleiding is daar ook 'n Odos saam-doen boekie vir die maats. Dit sluit in versamelkaarte, 'n kaart van Israel en inkleurprente. Die kind se boek het elke verhaal ingesluit, sodat die ouer weer die verhale vir hom kan lees.

- **ODOS Graad 3 : Die gelykenisse van Jesus**

- Handel oor die gelykenisse van Jesus. Dit bestaan uit 'n groepleierhandleiding. Saam met hierdie leierhandleiding is daar ook 'n ODOS saam-doen boekie waar die gelykenisse op 'n visuele manier uitgebeeld word vir die maats. Dit sluit in plakkers wat die maats in die boekie op die visuele uitbeelding van die gelykenisse kan plak om so die storie te voltooi. Die kind se boek het elke verhaal ingesluit, sodat die ouer weer die verhale vir hom kan lees.

Volgende week gee ons verdere inligting!

Bly saam met ons bid vir hierdie nuwe avontuur vir ons kinders se geestelike groei !

Toerustingskommissie